# 11 November 2023 - Lesing 173 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Aan die voormalige O.V.V. (UFO) Kongres 11/11/60

**NO: 7742** Julle kan seker wees daarvan dat Ek My hande beskermend oor Myne sal hou, wanneer die einde aanbreek. Ek het waarlik genoeg engele aan wie Ek Myne kan toevertrou, - wat Ek opdra om 'n muur om hulle te vorm. En sodoende kan julle almal wat in My beskerming is, geborge voel, wat daar ookal mag gebeur.

Daarom wil Ek julle waarsku om julle nie aan kragte toe te vertrou en op hulle hulp te bou nie, - van wie julle dink dat dit van êrens anders afkom as van My geestelike ryk, - wat dus nog nie die volmaaktheid besit, dat hulle as geestelike ligbodes My opdrag kan uitvoer nie. Ek wil julle waarsku om nie met bewoners van ander wêrelde kontak te soek nie, wat julle ook maar net geestelik tot stand sou kon bring, - wat julle egter geen sekerheid bied dat hulle julle die waarheid sal oorbring nie.

Dit moet steeds weer aan julle gesê word, dat slegs die volmaakte geeste in My Ryk sulke opdragte kan en mag uitvoer wat julle beskerming en hulp waarborg. Want wesens wat hierdie volmaaktheid nog nie bereik het nie, sal hulself altyd nog vir hulle vêrdere ontwikkeling op sulke skeppingswerke bevind, waar hulle volgens die natuurwet ook daarmee gebonde is. Julle moet dus onderskeid maak tussen: Ligwesens wat My wil in My opdrag uitvoer, wat by My vertoef in die Ligryk - en wesens wat self nog gebonde is, dus nog nie die volle geestelike vryheid het nie, solank hulle op hemelliggame van die mees uiteenlopende aard lewe, met die doel om tot geestelike rypheid te kom. Julle mag nie vertrou op mededelinge wat spiritisties deurgegee word uit die wêrelde, wat vir julle mense op aarde onbereikbaar is en bly nie, soos wat dit ook omgekeerd die geval is.

Reken nie op hulp van die wêrelde, wanneer die einde van die aarde aangebreek het volgens die plan van ewigheid nie. Want Ekself sal Myne beskerm en red uit hulle nood, omdat slegs Ek ook weet wie tot Myne behoort. Glo julle dat julle gered sal word as julle slegs simpatie vir gindse bewoners van ander hemelliggame sou hê en glo wat hulle kan vermag? Deur welke dwaling is julle bevange, - dit ontbreek julle aan alle helder insig in My heilsplan, wat sekerlik uitgevoer sal word wanneer die tyd aangebreek het. En sou Ek julle nie Self daarvan in kennis stel nie, as dit My Wil was dat julle julleself aan hierdie wesens, wat mense vir die medemens aanneemlik probeer maak, toevertrou? As Ek die waarheid na die aarde gestuur het, dan sou Ek ook nie die kennis van julle weerhou nie, indien dit sou ooreenstem met die waarheid.

Maar julle twyfel eerder aan My Woord, as aan die berigte wat aan julle deur die beïnvloeding van My teenstander oorgebring word. En Ek wil dat julle in die waarheid wandel. - Ek wil julle steeds weer die versekering gee dat Myne behoed sal word en dat tallose engele julle beskerming op hulself neem, omdat hulle in My wil werksaam is en omdat hulle ook die krag het om julle te help en daarom geen aardse hulpmiddele nodig het nie. Want My Liefde, Mag en Wysheid sal Hulself duidelik aan die einde openbaar, hoewel My ingryping dan ook strydig sal wees met die natuurwet en ook so kan wees, omdat Myne glo en alles as moontlik beskou en dat die ongelowiges dan van die aarde weggevee sal word. Maar Ek vra nie van Myne die geloof aan verskynsels of berigte, wat op 'n manier na die mense kom wat nie volgens My Wil is nie.

Waarom verbind julle mense julle nie met My nie? Waarom roep julle wesens aan wie se graad van rypheid julle nie kan beoordeel nie? Waarom vertrou julle julleself aan hierdie wesens toe en glo dat hulle julle kan beskerm, wanneer die dag van die einde aanbreek? Ek vra maar net om die geloof in My in Jesus Christus. En wie homself in die geloof innig met Myself verbind, het waarlik geen sigbare of onsigbare helpers nodig nie, want vir hom staan My engele voortdurend by wie krag en mag in oorvloed besit en altyd sal handel volgens My wil. En hy sal ook geen kontak wil opneem met bewoners van ander hemelliggame, wie se graad van rypheid vir hom onbekend is nie, - want so-iets kan slegs op spiritistiese wyse gebeur, 'n weg wat weens groot gevare nie deur julle mense begaan mag word nie. Want julle kan My waarlik Self verneem as dit julle wil is en julle na My toe kom vir die waarheid. En dan sal julle ook waarlik in die waarheid onderrig word. Amein.

**Barney Hills:** *[They] had rather odd-shaped heads, with a large cranium, diminishing in size as it got towards the chin. And the eyes continued around to the sides of the head, so it appeared that they could see several degrees beyond the lateral extent of our vision.. .The texture of the skin...was grayish, almost metallic looking...I didn't notice any hair...[and] there just seemed to be two slits that repre sented nostrils (Fuller, 260).*

**VVO Studie gedoen in 1960:** *Proposed Studies on the Implications of Peaceful Space Activities for Human Affairs, often referred to as "the Brookings Report", was a 1960 report commissioned by NASA and created by the Brookings Institution in collaboration with NASA's Committee on Long-Range Studies.*